**HOËRSKOOL JOHAN JURGENS**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10 – 2025**

**TAAK 9 - VRAESTEL 1**

**NASIENRIGLYNE**

**EKSAMINATOR: N. DUVENAGE** **TYDSDUUR: 2 UUR**

**MODERATOR: N. BRUWER** **TOTAAL: 80 PUNTE**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie; die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word GEEN punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE/WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING. Die rede/motivering verdien die punt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, MOET aanhalingstekens hê.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word, en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee/drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word SLEGS DIE EERSTE TWEE/DRIE nagesien soos in die vraag vereis.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

VRAAG 1:
TEKS A: ARTIKEL
**LAAITIE VAN DE AAR SE RUGBYDROOM KRY VLERKE**

| | | **PUNT** | **VLAK** |
|---|---|---|---|
| 1.1 | "rugbydroom" ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | De Aar ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.3.1 | Figuurlik ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.3.2 | Die droom het reeds op 'n jong ouderdom begin/ontstaan/ ontwikkel. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.4 | "internasionale" ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | Eliah was gesond, terwyl sy boetie en sussie 'n hartkwaal gehad het. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*<br>*Albei kante moet vir EEN PUNT gestel word.* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | "Hy was maar net ses jaar oud en moes sy eie pad vind om die verlies te verwerk."/ Rugby het vir hom 'n veilige hawe geword./ 'n Rugbyveld was die plek waar hy kon groei en genees. ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.7 | Die Griekwas ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.8 | Hul doel is om die ontwikkeling van jong atlete te bevorder. ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.9 | Daar gaan 'n afrigtingskliniek deur die bestuurspan van die Italiaanse rugbyklub aangebied word. ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.10 | Ja, die kinders kan reeds van 'n jong ouderdom hul vaardighede verbeter/ontwikkel./Hulle kry baie meer blootstelling.<br><br>**OF**<br><br>Nee, kinders moet net vir die lekker speel./kan ernstige beserings opdoen as hul so ernstig rugby speel./ ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.11 | A / die tyd moet vinnig verbygaan.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.12 | Eliah se pa het hom leer rugby speel. ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.13 | Sy ma ✓<br>Sy pa ✓ | 2 | 1 |
| 1.14 | Hy is gekies om aan 'n internasionale rugbytoernooi deel te neem. ✓<br>Hy is as sy skool se agterspeler van die jaar aangewys. ✓<br>Hy was vir 3 jaar die kaptein van sy rugbyspan. ✓ | 3 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.15 | losskakel ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.16 | Daar is soms ’n klein verskil tussen die tellings./ Soms is dit net daardie 2 of 3 punte wat kort om die wedstryd te wen/verloor. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.17.1 | Handré Pollard ✓<br>Damian Willemse ✓ | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.17.2 | Ja, kinders moet ’n goeie voorbeeld hê van hoe hulle moet optree./<br>*Nee, kan nie as antwoord aangebied word nie.* ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.18 | Sy is trots op hulle./kan nie glo hulle is gesond genoeg om rugby te speel nie./dankbaar vir hul talent.✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | 1 | 4 |
| | | **[24]** | |
| | | | |
| 1.19.1 | Om te wys dat die man seer behoort te hê./pyn kan ervaar. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.19.2 | Die woord is vetgedruk/hoofletters/Daar is ’n uitroepteken na die woord.<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20 | Hy het na ’n Springbokwedstryd gekyk./Hy was op sy senuwees of die Springbokke gaan wen. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.21 | Hy het ’n springboktrui aan./Daar staan BOK op sy trui./Die springbokwapen is op sy mou. ✓<br>*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.22 | Hy het ’n wit jas aan./ Hy het ’n lig op sy kop./Hy het ’n steteoskoop om sy nek./Hy verbind die wonde met ’n verband./Hy het handskoene aan. ✓✓<br>*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde* | 2 | 2 |
| | | **[6]** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |
| vlak 1+2 = 12/30 (40%) vlak 3 = 12/30 (40%) vlak 4+5 = 6/30 (20%) | | | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die inligting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

**Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie.
- 4-5 korrekte aanhalings: maksimum van 1 punt vir taal word toegeken.
- 2-3 aanhalings: maksimum van 2 punte vir taal word toegeken.

**Een korrekte aanhaling:**

- **Toegewing**: Indien die kanidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is ‘n direkte aanhaling, kry die kanditaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.
- Indien die kandidaat net 1 direkte aanhaling het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordgrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

| VRAAG 2<br>TEKS C: HOE OM JOU SPORTPRESTASIE TE VERBETER | | |
|---|---|---|
| **DIREKTE AANHALING** | | **EIE WOORDE** |
| **Eerstens is gereelde oefening noodsaaklik**. Dit help om spiere te versterk, uithouvermoë te verbeter en vaardighede te slyp. | 1 | Oefen gereeld om jou fiksheid en vaardighede te verbeter. |
| **Tweedens is gesonde eetgewoontes belangrik.** ’n Gebalanseerde dieet met genoeg vrugte, groente en proteïene gee energie vir oefening en herstel na wedstryde. | 2 | Eet gesonde kos om genoeg energie te hê vir sport. |
| **Nog ’n belangrike aspek is genoeg water en slaap.** Dehidrasie en moegheid beïnvloed konsentrasie en prestasie negatief. ’n Goed uitgeruste liggaam reageer vinniger en herstel vinniger van inspanning. | 3 | ’n Gebalanseerde slap roetiene en baie water drink is belangrik. |
| Sport gaan egter nie net oor fisieke krag nie. **Goeie sportmangees en respek vir ander spelers is kernwaardes in enige span.** | 4 | Wees ’n goeie sportpersoon en behandel ander met respek. |
| Goeie sportmangees en respek vir ander spelers is kernwaardes in enige span. **Nog ‘n belangrike punt is dat jy op tyd by jou oefeninge moet opdaag.** | 5 | Wees op tyd vir jou oefening. |
| Laastens moet **sportlui realistiese doelwitte stel**.Oor-oefening kan tot beserings lei. | 6 | Stel haalbare doelwitte om gemotiveerd te bly en vordering te sien. |
| Laastens moet sportlui realistiese doelwitte stel.**Oor-oefening kan tot beserings lei so maak seker jy luister na jou liggaam om te rus.** | 7 | Rus wanneer jy moeg of beseer is om beserings te voorkom.<br>[woorde:66] |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

| **VRAAG 3**<br>**TEKS D: ADVERTENSIE** | | | |
|---|---|---|---|
| | | **PUNT** | **VLAK** |
| 3.1 | Die leser/mense wat rugby speel | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.2 | Oktober | 1 | 1 |
| | | | |
| 3.3 | Die teikenmark is mense wat hulle rugby vaardighede wil verbeter. | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | B dadelik 'n plek bespreek. | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.5 | Verniet | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6 | Hoofletters/ woorde is groter as die ander teks/vetdruk en prentjies/foto's<br>*Enige TWEE* | 2 | 2 |
| | | | |
| 3.7 | Watter ouderdomme aan die kamp mag deelneem | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | Die prentjie wys seuns wat rugby speel, dus dink hulle nie meisies speel ook rugby/sal aan die kamp wil deelneem nie.<br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.9 | Eie antwoord. Moontlike antwoord:<br>Ja, dit lyk na prent en ek wil beter rugby speel.<br>Nee, dit is te duur.<br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 5 |
| | | **[10]** | |
| Vlak 1 + 2 = 4/20 (40%) vlak 3 = 4/20 (40%) vlak 4 + 5 = 2/20 (20%) | | | |

| **VRAAG 4**<br>**TEKS E: SPOTPRENT** | | | |
|---|---|---|---|
| | | **PUNT** | **VLAK** |
| 4.1.1 | Neelsie speel rugby. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.1.2 | Neelise skop 'n rugbybal. | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.1.3 | Uitroepteken | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.1.4 | Die uitroepteken dui Neelsie se opwinding aan./Neelsie roep uit omdat hy opgewwonde is.<br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.2 | Hy respekteer hom en wil hom trots maak. | 1 | 3 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.3.1 | Hy staan in ’n gat wat hy gegrawe het met ’n rugbybal in sy hand. | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3.2 | Nee, want Neelsie het die opdrag letterlik opgeneem en ’n gat grawe.<br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 4 |
| | | | |
| 4.3.3 | Nee, Neelsie het verkeerd verstaan/doen nie wat Meester eintlik wou gehad het nie.<br>*Enige soortgelyke antwoord* | 1 | 5 |
| | | | |
| 4.4 | agter op die veld staan | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.5 | Hy | 1 | 2 |
| | | **[10]** | |
| Vlak 1 + 2 = 4/20 (40%) vlak 3 = 4/20 (40%) vlak 4 + 5 = 2/20 (20%) | | | |

| **VRAAG 5**<br>**TEKS F: TYDSKRIFARTIKEL** | | | |
|---|---|---|---|
| | | **PUNT** | **VLAK** |
| 5.1.1 | Atletiekdag | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.2 | Gister **<u>was</u>** die groot atletiekdag by ons skool. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.3 | in | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.1.4 | Glashelder | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.5 | ligte | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.6 | Die bure se musiek is baie **hard.**<br>Die tafel se oppervlakte is **hard.**<br>(Enige sin waar die betekenis mooi duidelik is.) | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.1.7 | honderd | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.8 | stadig | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.1.9 | Die gevoel van trots en opwinding het my laat glimlag **<u>toe</u>** ek die wenstreep oorgesteek **<u>het</u>**. | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.1.10 | **<u>Het</u>** ek ook aan die 800-meter-resies deelgeneem**<u>?</u>** | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.11 | Kaapstad | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.12 | Sport leer jou **<u>om</u>** geduldig **<u>te</u>** wees. | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.1.13 | vaar-dig-he-de | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.1.14 | Alle atlete sê **<u>dat</u>** oefening, deursettingsvermoë en samewerking altyd die sleutel tot sukses **<u>is</u>**. | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | Die spelers lyk (vandag) (na die wedstryd) (baie gelukkig.)/ | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die spelers lyk (na die wedstryd) (vandag) (baie gelukkig.) | | |
| | | | |
| 5.2.2 | Die sokkerspan het **nie** die wedstryd gewen **nie**. | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.2.3 | Beste | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.4 | Die beker **word deur** die sokkerspan **gewen**. | 1 | 4 |
| | | | |
| 5.2.5 | Speler**tjies** | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.2.6 | Wedstryd**e** | 1 | 2 |
| | | **[20]** | |
| | **TOTAAL AFDELING C: 40** | | |
| | **GROOT TOTAAL: 80** | | |
| Vlak 1 + 2 = 8/20 (40%) vlak 3 = 8/20 (40%) vlak 4 + 5 = 4/20 (20%) | | | |